# CFAT Train-the-Trainer Opleidingsverslag: Sessie 2

FR

**Verbetering van Marktoegang vir Rooibos Kleinboere**

**Train-the-trainer Sessie 2**

**13 – 16 September 2010**

---

## 'n Projek in samewerking met:

PLAAS Institute for Poverty, Land and Agrarian Studies

CFAT Center for Fair and Alternative Trade

SANDRA KRUGER & associates

---

## Befonds deur:

HortCRSP

USAID FROM THE AMERICAN PEOPLE

## Inhoudsopgawe

Oorsig van CFAT Train-the-Trainer Sessie 2 ..... 3
Program ..... 4
Die Rooibos bedryf ..... 5
Navorsing ..... 5
Rooibos handelsmerke ..... 6
Gas Sprekers ..... 8
Standaarde en Sertifikasie ..... 9
Geskrewe Kommunikasie ..... 10
Program Evaluasie ..... 10
Suksesse behaal in die tweede sessie ..... 12
Aanbevelings ..... 12

Kopiereg 2010

# CFAT Train-the-Trainer Opleidingsverslag: Sessie 2

FR

## Oorsig van CFAT Train-the-Trainer Sessie 2

Die tweede CFAT opleidings sessie was spesifiek ontwikkel om die leerder se kennis oor standaarde en sertifikasie te verbeter. Die eerste sessie het meer gefokus op algemene beginsels soos rekordhouding en kommunikasie, sowel as gemeenskaps behoefte bepaling. Soos mens kan sien in die program hieronder, het die tweede opleiding sessie meer detail gehad met betrekking tot sake soos biodiversiteit en organies en fokus op standaarde wat tans relevant is vir die kleinboere soos SAG.A.P, Fairtrade en UTZ CERTIFIED. Die tabel onder wys die leerders wat deelgeneem het aan die tweede sessie. Ongelukkig het 4 van die leerders nie hierdie sessie bygewoon nie, maar ons het wel twee ekstra kleinboere gehad wat by ons aangesluit het van 'n groep wat tans besig is met Fairtrade sertifikasie.

| | | | |
|---|---|---|---|
|  | Elizabeth van Neel |  | Rodger Witbooi |
|  | Sharmaine Kupido |  | Craig Bantom |
|  | Jonene van der Westhuizen |  | Hennie van der Westhuizen |
|  | Lizette van Rheenen |  | Berna-Leigh Veloen |
|  | Adam Hoorns |  | Elize Farmer |

Kopiereg 2010

# CFAT Train-the-Trainer Opleidingsverslag: Sessie 2

FR

| | | | |
|---|---|---|---|
|  | **Jan Opperman** |  | **Dawid Hendriks** |

## Program

Die opleiding het plaasgevind vanaf Maandag 13 tot Donderdag 16 September by die Rooibos Bpk opleidings sentrum in Clanwilliam.

| Dag 1: Maandag, 13 September 2010 | Dag 2: Dinsdag, 14 September 2010 |
|---|---|
| Verwelkoming en opening van Sessie 2 | Die Suid Afrikaanse Rooibos mark |
| Wat is Rooibos? | Marknavorsing en Strategie |
| Rooibos Produksie | Tendense vir Rooibos |
| Die Rooibos Bedryf | Handelsmerke |
| Rooibos Verkope | Internasionale Wetgewing en Standaarde |
| Algemene benaderings tot Gemeenskap Behoefte Bepaling | |
| Navorsings Etiek | Organies aangebied deur Johan Brand |
| Vertaling | |
| **Dag 3: Woensdag, 15 September 2010** | **Dag 4: Donderdag, 16 September 2010** |
| SAG.A.P | Voedsel Veiligheid en HACCP |
| Biodiversiteit en Right Rooibos aangebied deur Gerhard Pretorius | Die Beginsels van Geskrewe Kommunikasie |
| Fairtrade | Voorbereiding van Geskrewe Kommunikasie |
| UTZ | Metodes van Geskrewe Kommunikasie |
| ICS | |

## Die Rooibos bedryf

Die materiaal van Dag 1 was tot 'n groot mate 'n inleiding tot die Rooibos bedryf as geheel. Al is die leerders almal kleinboere of verwant aan kleinboere, het hulle baie min kennis omtrent die wyer bedryf. Die leerders het byvoorbeeld dit baie interessant gevind om te weet hoeveel ton geproduseer deur die bedryf produseer wordbedryf, hoeveel boere daar is, watter persentasie van Rooibos word deur kleinboere geproduseer en hoeveel grond gebruik word vir Rooibos produksie.

Dieselfde geld vir die afdeling oor die verskillende markte wat Rooibos tee aankoop. Hierdie materiaal het ons toegelaat om gebruik te maak van verskillende grafieke en getalle om die invoer statistieke van verskeie lande in Europa, Amerika en Asië aan te dui. Die oefeninge in die Leerder Werkboek het die leerders toegelaat om hul wiskundige vaardighede en vermoë om grafieke te lees te oefen.

## Navorsing

Tydens die middag van Dag 1, het Jennifer die materiaal oor navorsing, navorsing etiek en vertaling aangebied. Sy het reeds werk met die boere leiers in Wupperthal gedoen en sy kon goeie praktiese voorbeelde toepas op die materiaal wat sy in die veld ondervind het. Die materiaal was 50% in Afrikaans en 50% in Engels aangebied, wat goeie oefening was vir die boere leiers omdat almal van hulle vir Jennifer gehelp het met die vetaling van haar werk terwyl sy in die veld gewerk het.



Foto 1: Jennifer wat narvorsing aanbied

Dag 1 het geëindig met 'n braai by Rooibos Bpk. Johan Brand was gaaf genoeg om vir die leerders te braai en Rooibos Bpk het vir ons voorsien met goeie kos en 'n paar biere na 'n interessante dag van opleiding. Die dames het ons voorsien met musiek, dans en joga. Die aand was ontspanend en almal het dit ten volle geniet.



Foto 2: Musiek en dans



Foto 3: Goeie geselskap

## Rooibos handelsmerke

Op Dag 2 het Sandra die afdeling oor Rooibos handelsmerke aangebied. Elke groep het 5 verskillende Rooibos handelsmerke gekry wat hulle dan moes vergelyk en krities analiseer in terme van die volgende aspekte:

- Waar die tee geproduseer is
- Al die sertifiserings wat die tee het
- Die boodskap wat oorgedra word deur die verpakking van die tee
- Watter tee hulle eerste keuse en laaste keuse sal wees om te koop en waarom




Foto 4: Jonene analiseer een van die handelmerke se verpakking




Foto 5: Hennie and Elize bespreek die verpakking




Foto 6: Jan kyk na vir die verskille van die etikette


Foto 7: Adam, Lizette en Rodger besig met die handelsmerk oefening

Die oefening was afgesluit waar elke leerder hul eie handelsmerk vir hulle Rooibos tee moes ontwikkel. Meer tyd moes definitief spandeer word op hierdie oefening omdat almal die kreatiewe atmosfeer geniet het en daar nie genoeg tyd was nie. Hieronder is 'n paar fotos van die handelsmerke wat ontwerp was. Dit kan dalk op 'n later stadium voltooi word as die leerders sou belangstel om dit te doen.











Die hoogtepunt van Dag 2 was seker die verrassing wat ons vir die groep gehad het. Dit was die 2 splinternuwe rekenaars wat spesifiek aangekoop was vir die kleinboere leier groep. Die groepe was in 2 verdeel en Sandra het die inleiding tot die gebruik van 'n rekenaar gefasiliteer. Drie van die leerders het reeds ondervinding gehad met die gebruik van 'n rekenaar en het ook die ander gehelp wat vir die eerste keer 'n rekenaar gebruik het. Elke leerder het oor die 4 dae 'n geleentheid gehad om ten minste een keer die rekenaar op hul eie te gebruik en dan 'n gedeelte van hul leerder werkboek te tik op die rekenaar. Die algemene gevoel wat ons gekry het was dat dit iets is wat hulle meer oor sal wil leer en gebruik.

Kopiereg 2010



Foto 8: Sharmaine wat die rekenaar en die muis opstel



Foto 9: Craig los die rekenaar vir die vrouens

## Gas Sprekers

Die middag van die tweede dag het ons die eerste gas spreker gehad wat deel was van die CFAT program. Johan Brand, uitbreidingsbeampte van Rooibos Bpk het ingestem om opleiding oor organies in die veld te doen. Op 'n baie nat middag het ons eers die leerders vervoer na 'n organies proefkwekery om die probleme wat die bedryf het met die groei van organiese saailinge beter te verstaan. Johan het die verskeie ander plantespesies bespreek wat in 'n algemene Rooibos plantasie voorkom, sowel as die negatiewe en positiewe invloed wat dit het op die plant. Dit is spesifiek van belang om hierdie plante te identifiseer wanneer mens organies boer want geen chemikalieë word gebruik nie. Die leerders het die middag geniet en die praktiese metode van leer het hulle aangemoedig om aktief betrokke te wees. Dit het ook toegelaat vir 'n ander tipe assessering aangesien die materiaal wat gedek was, was nie presies so in hul Leerder Werkboeke was nie.



Foto 10: Johan Brand wys vir die leerders verskeie plantspesies in die veld



Foto 11: Organiese kwekery toets area

Gerhard Pretorius, lid van die South African Rooibos Council (SARC) en consultant vir Natura Libra, het die derde dag van die opleiding bygewoon om die afdeling van Biodiversiteit te fasiliteer. Hy is 'n deskundige op Biodiversiteit en het vir SARC gewerk met die ontwikkeling van die Right Rooibos riglyne vir die bedryf. Hy het die opleidings materiaal van hierdie

afdeling ontwikkel en het aan die leerders die beginsels van Biodiversiteit verduidelik. Die leerders het gesê dat hulle nog nie voorheen enige opleiding oor Biodiversiteit gehad het nie en dat hulle graag sal wil hê dat Gerhard 'n meer praktiese opleiding in elk van die areas kom aanbied. Gerhard het bevestig dat hy die moontlikheid sal verken vir volgende jaar, aangesien dit deel van SARC se strategie is in terme van Right Rooibos om meer betrokke te raak met kleinboere binne die bedryf.



Foto 12: Gerhard Pretorius fasiliteer die materiaal oor Biodiversiteit

## Standaarde en Sertifikasie

Tydens die standaarde en sertifikasie afdeling van die materiaal was daar in detail gefokus op die volgende standaarde:

- SAG.A.P
- Organies
- Biodiversiteit
- Right Rooibos
- Fairtrade
- UTZ
- Voedselveiligheid
- HACCP

Die toepaslikheid van standaarde en sertifikasie vir kleinboere kan nie genoeg beklemtoon word nie. Dit was 'n spesifieke behoefte wat nie net slegs tydens die CFAT opleiding geindentifiseer was in terme van kapasiteits bou nie, maar ook deur kleinboere tydens die eerste werkswinkel wat in die onderskeie gemeenskappe gehou was.

Die Rooibos bedryf word hoofsaaklik deur die kommersiële boere gedomineer en die kleinboer het nodig om hulself te onderskei om sodoende 'n beter prys vir hul tee te ontvang en ook om toegang tot belangrike niche markte te bewerkstellig.

Kopiereg 2010

## Geskrewe Kommunikasie

Ongelukkig kon ons nie al die materiaal in hierdie afdeling hanteer nie weens tyds beperkings. Die Wupperthal Koöperasie het ‘n vergadering daardie middag om 2uur gehad en moes 12ur ry om te verseker dat hulle nie laat is nie. Alhoewel kommunikasie gedurende die eerste sessie gedoen was, was daar meer op verbale kommunikasie gefokus. `n Opvolg sessie om geskrewe kommunikasie te dek was dus vir hierdie sessie in beplan. Een belangrike uitkoms van hierdie sessie was die leerders se vaardigheid om ‘n formele brief te skryf. Hierdie uitkoms was bereik deur dat leerders ‘n brief moes rig aan die bestuur van hul onderskeie koöperasies met die doel om spesifieke inligting te verkry oor probleme wat toepaslik is op hul persoonlike situasies.

Die sessie het geëindig met elke leerder wat ‘n registrasie vorm moes voltooi om die AJV van Fair Trade South Africa in Oktober by te woon. Hierdie was ‘n oefening as deel van hulle evaluering, maar ook as deel vir ons volgende beplanning vir ons volgende byeenkoms in Kaapstad.

## Program Evaluasie

Die leerders was gevra om hul ondervinding tydens die tweede opleidings sessie te evalueer deur ‘n vorm in te vul. Sien onder die leerder se antwoorde:

| No | Leer Materiaal- Leerder Gids | Nee | Sommige Materiaal | Meeste Materiaal | Ja |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Hou jy van hoe die leerder gids lyk | | | | 12 |
| 2 | Was die konsepte duidelik en maklik verstaanbaar | | | 5 | 7 |
| 3 | Was die leer materiaal maklik om te lees | | | 1 | 11 |
| 4 | Was die informasie voldoende | | | 2 | 10 |
| 5 | Sal jy die inhoud van die leerder gids kan gebruik | | | | 12 |
| 6 | Het die leermateriaal jou behoeftes gedek | | 1 | 5 | 6 |

# CFAT Train-the-Trainer Opleidingsverslag: Sessie 2

FR

| No | Aanbieding Evaluasie | Nee | Somtyds | Meestal | Ja |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Was die fasiliteerder maklik om te verstaan | | | 1 | 11 |
| 2 | Was die fasiliteerder se aanbieding styl goed | | | 2 | 10 |
| 3 | Was daar ruimte vir werks oefeninge en besprekings | | | 1 | 11 |
| 4 | Was tyd gegun vir terugvoering | | | 2 | 10 |
| 5 | Het die fasiliteerder by die bespreekte tyd gebly | | 2 | 5 | 5 |
| 6 | Het die fasiliteerder leiding gegee rondom onsekerhede oor konsepte tydens die opleiding sessie | | | 1 | 11 |
| **No** | **Evaluering van die Werkboek Oefeninge** | **Nee** | **Somtyds** | **Meestal** | **Ja** |
| 1 | Was die vrae maklik en duidelik om te lees | | | 1 | 11 |
| 2 | Was die vrae verstaanbaar | | | 2 | 10 |
| 3 | Was daar genoeg tyd gegun om die oefeninge te voltooi | | | 3 | 9 |
| 4 | Was die vrae in die oefeninge relevant tot jou behoeftes | | | 2 | 10 |
| 5 | Was jy voorberei om die oefeninge te voltooi | | | 3 | 9 |
| 6 | Was die voltooiing van werkboek oefeninge gedurende die opleiding `n effektiewe metode van assessering | | | | 12 |

Die leerders was ook gevra om 1 paragraaf te skryf waarin hulle beskryf hoe hulle oor die algemeen voel oor die opleiding. Hierdie is sommige van die antwoorde wat ons gekry het:

Ek het geleer van die verskillende sertifiserings. Hoe hom tee te kweek. Dit was baie interresant van Gerhard om die verskillende spesies wat by ons om ons meer in te lig daarvan.

Ek het geleer hoe om 'n brief te skryf. Ek het geleer van skrewe kommunikasie want het dit nooit verstaan nie. Ek het ook geleer hoe werk organiese tee.

My Fair Trade, UTZ, Organies en SAGAP kennis is nou heelwat breër as voorheen, maar ek dink daar is nog baie ruimte vir nog kennis. Geniet dit terdeë om deel van die opleiding te wees met SKA. Die groter span raak nou al meer op hul gemak en voel ek die opleiding is alreeds suksesvol.

Ek het baie inligting verkry oor die rooibosbedryf. Die sertifisering prosesse in instansies was vir my baie interresant. Ek het baie meer selfvertroue gekry. Meer inligting ontvang as wat ek gedink het, en daarvoor is ek vreeslik dankbaar. Dit sal my beslis baie help met my boerdery.

Kopiereg 2010

## Suksesse behaal in die tweede sessie

- Al die leerders het breër kennis  opgedoen oor 'n verskeidenheid Rooibos standaarde en sertifikasie vir kleinboere The increased knowledge that all the learners now have on a variety of Rooibos standards and certification for small farmers
- Hoe maklik die groep vir Jan en Dawid aanvaar het tot die opleiding. Hulle het dadelik in die groep ingepas en daar was 'n groot uitruil van inligting tussen hulle as die nuwe kleinboere en die bestaande kleinboer groep. Die twee gas sprekers het dit vir die leerders moontlik gemaak om deeglike inligting te verkry in hul onderskeie velde en hul ondervinding het 'n nuwe dimensie in die opleiding geskep.  Daar is 'n groot mate respek en vriendskap tussen die leerders wat gou ontwikkel het sedert die verkiesing van die leiers in hul onderskeie gemeenskappe tot en met die tweede sessie.
- Daar is 'n groot behoefte vir die leerders om hul kennis te verbreed en die nodige vaardighede wat hulle geleer het te kan gebruik om die kennis oor te kan dra aan mense in hul gemeenskappe.

## Aanbevelings

Al was daar 'n groot volume materiaal gedek tydens sessie 1 en 2, het die leerders nog nie die vaardighede om hierdie materiaal op hul eie te fasiliteer nie. Die program kan dus vir hulle die geleentheid gun om 'n derde train-the-trainer sessie te hou om dit te dek. Hierdie derde en finale sessie sal spesifiek fokus daarop om 'n fasiliteerder te wees. Die leerders sal die nodige vaardighede kry wat hulle dan sal toelaat om in hul gemeenskappe in hul leier pare te fasiliteer tydens Desember.  Die laaste sessie sal hulle toelaat om voor te oefen, sowel as om mekaar op 'n konstruktiewe wyse te evalueer sodat hulle kan leer deur mede leerders en fasiliteerder kommentaar.



Foto 13: Die groep wat die tweede train-the-trainer sessie bygewoon het